# Op soek na ’n Reformatoriese identiteit

## ’n Ondersoek van gereformeerde belydenisse, credo’s en akronieme

*Bennie J. van der Walt*
*Skool vir Filosofie*
*Noordwes-Universiteit*
*Potchefstroomkampus*
*benniejvanderwalt@gmail.com*

**Abstract**

***Looking for a reformational identity. An investigation of reformed confessions, credo’s and acronyms***

*The stimulus to rethink the Reformed identity in this essay was the world-wide commemorations during 2017 of the birth of the sixteenth century Reformation 500 years ago with Martin Luther in Wittenberg on 31/10/1517.*

*The introduction provides an overview of the different ways in which a Reformed identity was and can be portrayed. These include, apart from the ancient ecumenical creeds (the Apostle’s, Nicene and Athanasian Creed), the doctrinal standards of the 16th and 17th century (the Belgic Confession, Heidelberg Catechism and the Canons of Dordt), also shorter summaries like well-known five solae, TULIP and FAITH as well as an approach distinguishing between the Catholic, Lutheran, Anabaptist and Reformed worldviews.*

*The second section provides an analysis and evaluation of the popular summary of a Reformed identity and worldview in the five solae. Since they are one-sided reactions against the Roman Catholic view, they cannot fully and positively express a biblically based reformational view and identity for today.*

*The third part therefore indicates how these five watch-words could be broadened systematically by adding the work of the Holy Spirit, God’s full revelation (not only the Scriptures) as well as his directional commandment of love. Historically “sin, redemption and gratitude” should be preceded by the biblical idea of creation. A genuine reformational identity is finally characterised by continuous reformation.*

*In the last section some guidelines are suggested for a contemporary reformational credo and life accordingly. However, since prerequisites for real reformation are deep personal conversion and the revival of many Christians, the essay, in conclusion, emphasises that new statements of faith should not be regarded as a panacea to become – instead of merely reformed – real reformational-minded and involved Christians.*

## 1. Ter inleiding

Ten aanvang word die aandag vir die volgende gevra: (1) die oogmerk van hierdie ondersoek; (2) hoe dit benader gaan word (die opset).

### *1.1 Oogmerk*

Dit is gebruik van Christene om by die herdenking van historiese gebeurtenisse weer opnuut oor hulle eie geloofsidentiteit te besin. Dit het vroeër byvoorbeeld gebeur by die herdenking van die 150-jarige bestaan van die GKSA (vgl. Van Wyk, 2009).

Verlede jaar (2017) het weer so ’n geleentheid aangebreek by die 500-jarige herdenking van die begin van die 16e-eeuse Reformasie met Luther se 95 stellinge toe verskillende kerke in Junie in Wittenberg vergader het (vgl. hieronder).

In die lig hiervan wil hierdie verkenning, eerstens, vasstel hoe ŉ reformatoriese geloofsidentiteit en lewensvisie in bestaande kerklike geloofsbelydenisse[1] en akronieme (soos die bekende vyf solas) beskryf word. Tweedens, watter leemtes hulle bevat. Derdens, wat die basiese elemente van ŉ eietydse, meer relevante Christelik-reformatoriese credo behoort te wees. En ten slotte die vraag of nuwe eietydse konfessies of geloofsgetuienisse ŉ bydrae sal kan lewer tot bekering en herlewing as voorvereistes tot ŉ eventuele werklik reformatoriese ingesteldheid.

### *1.2 Opset*

Om hierdie vrae te beantwoord word die volgende pad gevolg. Ter inleiding word ŉ oorsig gebied van verskillende bestaande pogings, soos uitgebreide konfessies, geloofsverklarings of -getuienisse en credo's ter formulering van ŉ eie identiteit.

Daarna word gefokus op die nog steeds gewilde samevatting van ŉ gereformeerde lewensvisie in vyf solas. Waar kom hulle vandaan, in watter volgorde behoort hulle gerangskik te word, en spreek hulle nog tot jong Christene van vandag se probleme?

In die derde afdeling word die Roomse agtergrond geskets waarteen hierdie solas reageer het en op die moontlike gevare van so ŉ reaksie gewys.

Hierna volg verskillende aanbevelings asook samevattende gevolgtrekkings.

## 2. Bestaande samevattings van ŉ reformatoriese geloofsidentiteit

Dit was ŉ kenmerk van die eerste Christene dat hulle hul geloof openlik bely het. Dit gebeur alreeds in die Nuwe Testamentiese tyd in baie kort belydenisse (soos in Joh. 20:28 en Matt. 16:16 en Fil. 2:11) of effens uitgebreider in bv. 1 Tim. 2:15 en 3:16). Volgens Romeine (10:9) behoort ŉ gelowige nie net met die hart glo nie, maar moet ook met die mond bely. Om te bely wat jy glo, was daarna ook tipies van die gereformeerde tradisie.

1 Vgl. Pelikan (2003:510, 511) en verder Popma (1958:195) vir die noue verband tussen ŉ geloofsbelydenis en lewensvisie. Agter elke (kerklike) belydenis lê ŉ bepaalde lewensbeskouing. Behalwe kerklike belydenisse, waartoe hierdie ondersoek hoofsaaklik beperk word, behoort Christene ook die implikasies van hulle geloof in credo's te formuleer vir byvoorbeeld die opvoedkundige, ekonomiese, politieke en ander lewensterreine, soos byvoorbeeld deur De Graaff (1966:82-83) voorgestel.

Hier volg, in voëlvlug, ŉ oorsig van verskillende maniere waarop gepoog is om ŉ Bybels-gereformeerde identiteit uit te spel. Dit begin by die vroeëre 16e en 17e-eeuse belydenisskrifte. Dan volg drie korter samevattings, op die drie historiese gereformeerde belydenisskrifte gegrond. Daarna volg twee breëre tiperings van ŉ reformatoriese visie op die werklikheid.

## 2.1 Belydenisskrifte

Die heel vroegste belydenisskrifte, die Apostoliese Geloofsbelydenis (ongeveer 4e eeu n.C.), die Geloofsbelydenis van Nicea (wat teen 381 sy finale vorm gekry het) en die Geloofsbelydenis van Athanasius, is ekumeniese belydenisse en word nie hier behandel nie.

Verskillende gereformeerde belydenisskrifte is voorbeelde van pogings om die Christelike geloof en lewensvisie min of meer sistematies weer te gee. Só byvoorbeeld die Nederlandse Geloofsbelydenis (van 1561), die Heidelbergse Kategismus (van 1563) en die Dordtse Leerreëls (1618/1619).

Hierdie belydenisse is uniek en waardevol, maar hulle is lank en dateer uit eeue gelede, sodat hulle moontlik nie meer so relevant is vir vandag nie, en is ook nie meer so bekend en gewild veral by die jongere generasie nie.[2]

Hoeveel daar in latere gereformeerde denominasies intussen nuwe geloofsverantwoordings, -verklarings of -getuienisse verskyn het[3], geniet hulle (net soos die Belhaar Belydenis) nie die amptelike status van konfessies nie. Dit geld ook van byvoorbeeld die Christian Reformed Church (van Noord-Amerika) se “Our world belongs to God; a contemporary testimony” van 1986 (vgl. Christian Reformed Church, 1987a).

## 2.2 Kernagtige samevattings

Van die verskillende, kort samevattings van bogenoemde ouere en breedvoeriger belydenisskrifte is byvoorbeeld die volgende drie.

### 2.2.1 Die vyf solas

Uit die vorige eeu (vgl. hieronder) dateer die volgende vyf solas: *sola Scriptura* (die Skrif alleen), *sola fide* (deur geloof alleen), *sola gratia* (deur genade alleen), *solus Christus* (Christus alleen) en *soli Deo*

2 Van der Walt (2018) word die drie ekumeniese belydenisse asook bogenoemde drie breedvoerig bespreek en hulle relevansie vir vandag beoordeel.

3 Vgl. bv. die NG Kerk van SA se geloofsverantwoording, van 1992 “So glo ons” asook sy “Geloofsverklaring 2000” van einde 1999.

*gloria* (aan God alleen die eer).[4]

### *2.2.2 TULIP*

Die Engelse akroniem TULIP staan agtereenvolgens vir die volgende: "Total depravity", "Unconditional election", "Limited atonement", "Irresistable grace" en "Perserverance of the saints". Daarin word klem op ander fasette van die Christelike geloof as in die solas gelê.[5]

### *2.2.3 FAITH*

Oosterhouse (2011) gebruik die Engelse akroniem, FAITH, wat die volgende beteken: "Fallen humanity", "Adopted by God", "Intentional atonement", "Transformed by the Holy Spirit" en "Held by God".

Op verskillende punte kom hierdie samevatting met die vyf solas en TULIP ooreen, soos byvoorbeeld oor 'n gevalle mensheid en versoening in Christus. Dit voeg egter ook die werk van die Heilige Gees by, wat nie in eersgenoemde twee voorkom nie. Dit toon hoe persoonlike voorkeure en dalk ook teologiese verskille en die tydsgees 'n rol speel, maar ook hoe moeilik dit is om die essensie van 'n Bybelse geloof weer te gee.

Van hierdie drie kort, sistematiese samevattings is die vyf solas vandag die populêrste. Dit blyk onder andere uit verskillende tydskrifartikels wat gedurende 2017 die begin van die sestiende-eeuse Reformasie met Luther se 95 stellings op 31/10/1517 herdenk het en hierdie solas gebruik het as aanduiding van wat die wese van 'n reformatoriese Christendom en identiteit was en ook vandag behoort te wees.[6]

### *2.2.4 "Gratia contra, supra, juxta et intra naturam"*

Die eie uniekheid van 'n reformatoriese Christelike geloof en lewensvisie kan ook verduidelik word deur dit met ander nie-gereformeerde Christelike strominge te vergelyk en te kontrasteer.

In hierdie geval is die vertrekpunt die (onbybelse) onderskeid en verhouding tussen 'n sogenaamde profane of sekulêre terrein van die natuur en 'n sogenaamde vanselfsprekende sakrale of heilige terrein van (bonatuurlike) genade.

---

4 Hieronder word hierdie tipering van gereformeerd-wees in detail bespreek.

5 Van die teksbewyse waarop TULIP gegrond is, vgl. www.calvinistcorner.com (onder "The five points of Calvinism")

6 Só bv. d'Assonville in *Die Kerkblad,* 119 (3317) van Oktober 2017 asook by die groepsbybelstudie van die Geref. Kerk Die Bult, Augustus 2017.

Met sy klassieke werk *Christ and culture* (1951 met talle herdrukke) het Niebuhr eerste die wiel aan die rol gesit en nog steeds verskyn kritiese aanpassings op sy basiese skema (vgl. o.a. Carter, 2006 en Carson, 2008). Met die nodige modifikasies, het ook verskillende reformatoriese denkers op Niebuhr voortborduur. Onder die eerstes was Wolters (1984a, 1984b en 1990).[7]

Sowel tydens die sestiende-eeuse Christendom as later onderskei hy die volgende standpunte in die verhouding tussen genade (waartoe die Bybel, geloof, die kerk, verlossing ens. sou hoort) en natuur (die wetenskap, verstand en meer – die skepping).

Volgens sommige Christene (bv. die Anabaptiste) staan genade *teenoor* die natuur (*gratia juxta naturam*). Volgens 'n tweede groep (die Katolieke) staan die genade *bokant* die natuur (*gratia supra naturam*). Volgens 'n derde stroming (die Lutheranisme) staan die genade *langs* die natuur (*gratia juxta naturam*). Die unieke van Reformatoriese Christene se visie is dat die genade die natuur *herstel* of *vernuwe* (*gratia intra naturam*).

*2.2.5 Voorsintetiese, sintetiese en antitetiese geloof en denke.*

'n Laaste voorbeeld kom uit Christelik-filosofiese hoek (vgl. Van der Walt, 2012). Die reformatoriese filosoof, Vollenhoven (2005a:29) stel aan Westerse denkers van die afgelope 2750 jaar die vraag wat hulle met God en sy Woord gedoen het. Hy kry dan drie hoofantwoorde daarop. Die Antieke Grieks-, Hellenistiese en Romeine denkers was heidene wat nog nie God se openbaring in die Skrifte geken het nie. Hulle word dus voor-sintese denkers genoem (ongeveer 750 v.C. tot 50 n.C.).

Die volgende periode (ongeveer 50 n.C. – 1500 n.C.) word die tydperk van sintese genoem, omdat gedurende die tyd van die Vroeë Christendom en die Middeleeue gepoog is om 'n verbinding tussen die pagane antieke filosofieë (die natuurlike) en God se Woord (die bonatuurlike openbaring) tot stand te bring.

Dan volg 'n derde hoofperiode, (vanaf ongeveer 1500 n.C. tot vandag) naamlik 'n anti- of teen-sintesetydperk. Hierin onderskei Vollenhoven 'n breë sekulêre rigting, wat God se openbaring verwerp teenoor 'n reformatoriese (wat by die 16e-eeuse Reformasie begin het), wat anders as die sekularisme, aan God se Woord weer sy regmatige plek in hulle lewe en denke wil gee.

7 Vgl. verder Veenhof, 1994 en Van der Walt, 2008 en 2017a.

Volgens Vollenhoven (2005a:70,71,74) word ŉ reformatoriese ingesteldheid nie gekenmerk deur ŉ teruggrype op die verlede nie. Eerstens is die herstel van ŉ verbygegane tyd in die hede onmoontlik. Tweedens was alles in die verlede – soos byvoorbeeld die genoemde akkommodasie van onbybelse Griekse denkgoed binne die Christendom – nie goed nie. Prediker (7:10) waarsku al: "Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie in wysheid dat ŉ mens so sê nie".

In die derde plek, baie belangrik, bots repristinasie ook met die kern van ŉ werklik reformatoriese geloof en denke. Want reformasie beteken nie (soos die woord re-formeer mag suggereer) ŉ terugkeer na vroeëre Christene of kerklike toestande nie, ŉ blote verandering op die horisontale vlak van die tyd nie. Reformasie dra ŉ vertikale karakter, want dit behels ten diepste bekering in verhouding tot God, sy Woord en wet.

Wat is volgens Vollenhoven die inhoud van God se Skrifwoord?

### *2.2.6 God se soewereiniteit en die implikasies daarvan*

Anders as die vyf solas het Vollenhoven alreeds vroeg in die vorige eeu die inhoud van die Skrif (vertaal uit die Nederlands) soos volg saamgevat.

> Die Heilige Skrif leer die regstreekse soewereiniteit van die God wat Hom in sy Woord geopenbaar het oor alle dinge, in watter verband en op watter terrein ook, en onderskei in ooreenstemming daarmee duidelik tussen God as die Soewereine en die geskapene (Vollenhoven, 1933:21).

Volgens hom beantwoord die Skrif vir die gelowige die volgende drie basiese, lewensbelangrike vrae: Wie is die Skepper? Wat is in verhouding tot Hom geskape? Wat is die grens wat die geskapene van die Skepper onderskei? Hier volg sy antwoorde op die drie vrae:

> Holy Scripture unambiguously answers, "God"… the living God with his all-predestining Counsel, his creating activity, his all-dominating will; in short, the Sovereign in the absolute sense of the word.
>
> The answer to the second question is determined by what was just found: That which is created is completely dependent on the Creator, that is to say, wholly subjected to his sovereign will, Word revelation and guidance (Vollenhoven, 2005b: 14).

Die antwoord op die derde vraag is God se wil waaroor Vollenhoven die volgende skryf:

> … the law of God, which is permanently posited by God for that which is created. For the only being who's sovereignly gives laws to the cosmos and maintains them is God. On the other hand, all that which is created is subjected to his laws. And it continues to be subjected because God's activity in the cosmos is never coupled with a violation of the law. Accordingly, it is impossible to mention anything divine that stands under the law or anything that is created that stands above the law (Vollenhoven, 2005b:15).

Hierdie is 'n kort en duidelike samevatting van die inhoud van God se Woord en die Christelike geloof en lewensvisie daarop gegrond in slegs drie hoofpunte: (1) God, wat soewerein is oor (2) sy hele skepping, die mens ingesluit, omdat dit (3) volledig aan sy verordeninge onderworpe is.

*2.2.6 Fokus op die vyf solas*

Nadat gelet is op vyf verskillende oorsigtelike sistematiese samevattings van wat 'n reformatoriese geloof en lewensvisie behels, val die fokus nou op die kort en populêre vyf solas. Aan die volgende word aandag gegee: (1) hulle oorsprong, bedoeling, rang- en volgorde, volledigheid en aard; (2) die Rooms-Katolieke geloof/lewensvisie as agtergrond; (3) die reaksie daarop van gereformeerdes soos in die solas vervat; (4) die implikasies daarvan; en (5) as slot, enkele aanbevelings.

## 3. Oorsprong, bedoeling, volgorde en volledigheid

### *3.1 Oorsprong*

Afsonderlik geneem, kan al vyf solas wel teruggevind word in die geskrifte van 16e-eeuse reformatore. Maar, soos uit die volgende weergawe blyk, dateer hulle samevoeging as tipering van 'n Bybelse geloof eers uit die vorige eeu. (Gegewens ontleen aan wikipedia onder "five solae".)

Eers in 1916 skryf 'n Lutherse teoloog, T. Engelder, 'n artikel oor drie beginsels van die Reformasie: *sola Scriptura, solae gratia* en *sola fide.* In 1934 vervang E. Brunner *sola Scriptura* met *Soli Deo gloria.* In 1958 skryf G. Elton dat Calvyn die groot wagwoorde van die Reformasie saamgevoeg het. Elton kombineer egter die *sola fide* en *sola gratia* tot een wagwoord, gevolg deur *sola Scriptura* en *soli Deo gloria.* Later voeg E. Brunner egter *solus Christus* by en laat *sola Scriptura* uit die lys.

### 3.2 Bedoeling

Die oogmerk met die *solae* was heelwaarskynlik om as ŉ vereenvoudigde en dus maklik memoriseerbare samevatting van die reformatoriese geloof te dien.

### 3.3 Volg- of rangorde

Uit die geskiedenis oor hulle ontstaan is dit nie duidelik wat die regte volg- of rangorde is waarin hulle genoem behoort te word nie. Wel is duidelik dat hulle onderling nou met mekaar saamhang. Heel waarskynlik hang dit van iemand se eie teologiese of lewensbeskoulike oriëntasie af (soos ook uit 3.1 hierbo blyk) hoe hy/sy die solas in volgorde van belangrikheid rangskik.

### 3.4 Volledigheid

ŉ Mens sou verder die vraag kon stel of hierdie vyf solas daarin slaag om die reformatoriese geloofsidentiteit en lewensinstelling volledig genoeg weer te gee. Uit 2.2.2 (TULIP) EN 2.2.3 (FAITH) hierbo se weergawes het ook geblyk dat hulle sekere kernelemente van die gereformeerde geloof anders geformuleer het en ook nuwes bygevoeg het. Later sal verder hieraan aandag gegee word.

ŉ Belangriker volgende punt is:

### 3.5 Die aard van die solas

Wat hulle aard betref, kan uit die wyse waarop hulle geformuleer is, afgelei word dat hulle opgestel is in reaksie op ŉ standpunt wat afgewys word. Dit blyk daaruit dat die vyf voorafgegaan word deur die woord “alleen”. Dié woord veronderstel ŉ ander geloof/lewensvisie wat deur die reformatoriese ontken word aangesien dit nie met die vyf maal “alleen” volstaan het nie, maar ŉ “plus” daarby gevoeg het.

#### *3.5.1 Noodsaaklik maar nie die belangrikste nie.*

Die vraag is egter of so ŉ taamlik reaksionêr-gekleurde formulering, wat bowendien uit die verlede stam, die beste wyse is om ŉ Bybels-reformatoriese visie op die lewe te verduidelik en in die 21ste eeu aan ŉ breër publiek bekend te stel.

Natuurlik kan dit soms nodig wees om dwalings, wat met die eie oortuigings bots, te weerlê. Myns insiens mag dit egter nie ŉ hele belydenis, en veral die samevatting daarvan in enkele begrippe, kleur nie. Die unieke van ŉ mens se eie oortuigings behoort voorop te staan. Dit waar*teen* die Christelike geloof is, is ook belangrik, maar

veel belangriker is dit waar*voor* 'n Christen staan. Anders mag die positiewe karakter van 'n mens se geloofsidentiteit nie duidelik genoeg na vore kom nie.

Kok (1996:8,9) wys tereg daarop dat Christene dikwels op 'n negatiewe wyse hulle eie posisie definieer in terme van 'n standpunt wat hulle verwerp. Dit mag volgens hom ook nodig wees, maar veel belangriker is die positiewe artikulering van 'n eie standpunt. Eers vanuit die *tetiese* inname van 'n eie posisie is 'n gegronde *kritiese* instelling moontlik.

Indien ander oortuigings in 'n belydenis ter sprake kom, behoort hulle ook kontemporêre vraagstukke te wees. Die huidige wêreldwye sekularisme is vandag byvoorbeeld veel belangriker as die Roomse "gevaar" van die 16e eeu wat in die ouer gereformeerde belydenisse aangespreek is.

*3.5.2 Veranderde tye*

Sedert die Tweede Vatikaanse Konsilie (1968) het daar ook heelwat in die Roomse Kerk en teologie verander. Na 500 jaar op 5 Julie 2017 gebeur daar byvoorbeeld iets merkwaardigs in Wittenberg. By 'n byeenkoms van die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (wat 129 kerke en 80 miljoen Christene verteenwoordig) en die Lutherse Wêreldbond is 'n belangrike dokument deur vier van die grootste Christelike denominasies (die Gereformeerdes, Lutherane, Metodiste en Katolieke) onderteken. Daarin (met die titel "A reforming Catholic Confession") word bely dat God se genade die enigste grond van 'n gelowige se regverdigmaking en verlossing is. Selfs van Pous Franciskus is 'n brief voorgelees. So is baie eeue se teologiese en kerklike geskille – so wil dit lyk – bygelê.

Maar terug na die vyf solas. Om die reaksionêre element in hulle goed te verstaan moet vervolgens eers die tradisionele Roomse dualistiese werklikheidsvisie geskets word.

## 4. Die Roomse agtergrond

Teen die volgende agtergrond kan die vyf solas (5 x alleen) beter verstaan word.

### *4.1 Akkommodasie of sintesedenke*

Die sestiende-eeuse Reformasie was, soos bekend, 'n stryd teen die heersende Rooms-Katolisisme. Die rede hiervoor was dat die reformatore

besef het dat die Roomse teologie en praktyk deur baie eeue vreemde gedagtes geakkommodeer het wat in stryd was met God se openbaring in die Skrif. ’n Mens kan hulle sintesedenkers noem, wat probeer het om onder andere heidense denkgoed (soos byvoorbeeld dié van die antieke Griekse filosoof, Plato, en later Aristoteles) met Skrifwaarhede te versoen (vgl. 2.2.5 hierbo).

So ’n akkommodasie is veral moontlik gemaak (vgl. 2.2.4 hierbo) deur ’n onderskeid tussen ’n profane of sekulêre terrein (die sigbare wêreld) en ’n sakrale of heilige terrein (God, sy Woord en kerklike sake). Hierdie tweeterreineleer van natuur en genade (die bonatuurlike) is egter glad nie Bybels nie, maar is ’n erfstuk uit die heidendom wat Christelik gedoop is.

Want volgens die Skrif behoort ’n Christen se hele lewe – nie net die sogenaamde heilige/bonatuurlike/geestelike deel nie – gehoorsaamheid aan God se gebooie, diens aan Hom te wees.

So ’n soort dubbelfokusdenke het wye implikasies waarvan slegs die mees relevante vir hierdie ondersoek nou genoem word. (Vir meer kritiese opmerkings, vgl. Van der Walt, 2017a:19-23).

### *4.2 Geloof en Woord*

Volgens die dualistiese denke van Rome is geloof in God iets geesteliks of bonatuurlik, terwyl die menslike verstand (’n trappie laer) feitlik ongeskonde sou wees en as riglyn vir die mens op die alledaagse, natuurlike terrein moes dien. Ook die Woord van God (die Bybel), die kerk, belydenis en teologie is as bonatuurlike genadesake beskou en sou vanselfsprekend ook Christelik wees. Allerlei tradisies oor huwelik, gesin, politiek en wetenskap, egter op die natuurlike, redelike, neutrale terrein, is aanvaar – nie sonder wesentlike implikasies vir bonatuurlike sake nie.

### *4.3 Christus en genade*

Jesus Christus en gebruik van die kerklike sakramente was volgens Rome die bonatuurlike waarborge van elke gelowige se hemelse saligheid. Dit was egter nie voldoende nie, want die heilige Maria en ander gestorwe heiliges en selfs hulle oorskot (relikwieë) kon addisionele sekerhede bied.

God se genade in Christus is ook nie as ’n vernuwende krag beskou nie. Genade sou nie die natuur *vernuwe* nie, slegs *vervolmaak.* Weereens speel die natuur ’n rol as voorvereiste (voorbereiding) tot die genade. In praktyk kan dit gebeur deur boetedoening en die betaal van aflaatbriewe vir jou en ander se sondes – selfs vir oorledenes wat hulle in die vagevuur sou bevind.

### *4.4 Die eer van God*

Omdat die natuurlik terrein ’n min of meer neutrale gebied sou wees, kan daar van die eer van God slegs op die boonste genadeverdieping sprake wees. Tot hierdie terrein behoort kerklike ampsdraers (*clerus* genoem) in regstreekse diens tot eer van God. Vir gewone Christene (“leke” genoem), wat hulle met die alledaagse, gewone, sekulêre dinge besig hou, sou dit nie moontlik wees om tot eer van God te lewe nie. Dit kan alleen by wyse van hulle kerklike betrokkenheid gebeur.

Op hierdie wyse is die veel breër Bybelse gedagte van diens in God se allesomvattende koninkryk tot die kerklike lewe vereng. Ook die Skriftuurlike gedagte dat elke Christen die amp van profeet, koning en priester beklee.

### *4.5 ’n Skisofrene Christelike lewe*

Met so ’n dubbelverdiepinggeloof en -lewensvisie moes Roomse Christene gevolglik ’n skisofrene lewe voer of, anders gestel, ’n wipplank ry. Afhangende van omstandighede ontvang die natuurlike of bonatuurlike deel van jou lewe die nadruk.

Gewoonlik word die rede vir die huidige sekulêre samelewing buite die kerk en Christendom gesoek. Op die keper beskou, was dit in kiem egter reeds in die Middeleeuse dualistiese lewensuitkyk teenwoordig. Na dié tyd is die natuurlike terrein net van die bonatuurlike losgemaak, het dit van daaronder uit emansipeer om ’n sekulêre geloof en lewensbeskouing sonder God en sy gebod te word. (Vir ’n maklik verstaanbare weergawe van hierdie proses, vgl. Goudzwaard & Bartholomew, 2017:15:98.)

### *4.6 Die Bybelse visie*

Volgens die Skrif staan genade nie bokant en selfs teenoor die natuur of skepping as sodanig nie. Genade staan teenoor God se toorn en oordeel oor die sondige in die mens. Van die mens se kant staan vergeefde sonde (a.g.v. God se genade) teenoor onvergeefde skuld.

Soos hierbo (onder 4.3) genoem, staan genade ook nie, slegs as vervolmaking, bokant die natuur nie. God wil in genade die mens en die hele skepping vernuwe.

Filosofies beskou, is die tweeterreineleer ’n verwarring tussen (ontiese) struktuur en (religieuse) rigting. Dit probeer die twee religieuse rigtings van goed en kwaad, gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God se

gebooie in verskillende terreine of strukture van die skepping lokaliseer. So byvoorbeeld die kerk as vanselfsprekend goed  politiek as vanselfsprekend uit die bose.

Die religieuse rigting van die mens se hart beïnvloed egter *elke* struktuur wat die mens skep. 'n Kerk kan vervalle raak, terwyl 'n staat goeie politiek bedryf.

Die agtergrond van die Rooms-Katolieke geloofsidentiteit en lewensvisie is nou duidelik genoeg geskets om die reaksie daarop van gereformeerde kant gedurende die 16e eeu en later beter te kan verstaan.

## 5. Die reaksie van die kant van die 16e-eeuse reformatore en daarna

Die aandag word nou gevestig op (1) die 16e-eeuse Reformasie, (2) die situasie gedurende die Gereformeerde Ortodoksie en (3) die gevaar van 'n reaksionêre instelling.

### *5.1 Reformasie*

Soos reeds genoem (2.2.5 hierbo), moet die Reformasie, positief beskou, waardeer word omdat die reformatore nie, soos die Middeleeuse Roomse denkers, *sinteties* gedink het (deur onbybelse elemente met God se Skrifopenbaring te akkommodeer nie), maar *antiteties* ingestel was teenoor die "plus" van pagane gedagtes. God se Woord alleen moes die riglyn vir geloof en lewe wees.

Terselfdertyd het hulle voor 'n geweldige groot taak gestaan met drie gevolge. In die eerste plek kon hulle hul hoofsaaklik op die hervorming van kerk en teologie toespits. In die tweede plek kon hulle hul denke nie volledig van elemente van die Middeleeuse sintese bevry nie.[8] Derdens val 'n groot – te groot? – klem op dit wat hulle beveg het.

Calvyn het egter besef dat die Reformasie nie as 'n afgehandelde, voltooide aangeleentheid beskou kan word nie toe hy die belangrike uitspraak gemaak het *ecclesia reformata semper reformanda est,* 'n hervormde geloof en kerk moet voortdurend reformeer word – anders deformeer dit.

Wat die eerste leemte betref (beperking tot kerk en teologie), sal nog duidelik word (8.2 hieronder) dat omvattende en grondige reformasie die *hele* lewe van 'n Christen behoort te behels. Om daarin te kan slaag, vestig De Graaff

8 Voorbeelde hiervan is Luther se tweerykeleer (Van der Walt, 2017b) en Calvyn se mensbeskouing (Van der Walt, 2009).

die aandag daarop dat Christene ook credos behoort te hê wat hulle roeping op verskillende ander lewensterreine as die kerk uitspel:

> The church's creeds are general confessions of faith that witness to our fundamental relation to Jesus Christ. They do not and can not specify the meaning of this relationship for the area of education, labor, or political activities. It is not sufficient, therefore, for Christian political parties, labor unions, or educational institutions to refer to the ecclesiastical creeds as a statement of principles. The office bearers of these various institutions must formulate their own specific creeds, political testimonies, or witness with regard to labor relations, if there is to be genuine unity and a common aim within their particular area. (De Graaff, 1966:86, 87.)

### *5.2 Deformasie*

Die onvoltooide reformasie, selfs deformasie, word duidelik by die post-reformatoriese denkers van die Gereformeerde Ortodoksie (ongeveer 1550 tot 1850). Hierdie denkers wou hulle eie lewensvisie en teologie teenoor die Roomse Kontra-Reformasie verdedig, maar gaan – ironies – uit van 'n gemodifieerde tweeterreineleer. Oor kerklike aangeleenthede het hulle wel van hulle Roomse broeders verskil, maar nie radikaal anders gedink op die breëre lewensbeskoulike gebied nie. (Vgl. Spykman, 1992:24 e.v.)

Hulle lewensvisie het slegs van die Katolieke daarin verskil dat hulle nie, soos die Katolieke, 'n kompromis of balans tussen natuur en genade beklemtoon het nie. In reaksie lê hulle slegs die klem op die bonatuurlike genadeterrein en depresieer gevolglik die natuurlike pool van die dualisme. Op dié wyse is ongelukkig nog nie afstand gedoen van 'n basies verkeerde uitgangspunt nie.

### *5.3 Reaksie*

'n Latere periode is altyd tot 'n mate van 'n vorige afhanklik – die geskiedenis is nooit dood nie. Ook 'n reaksie op 'n voorafgaande geloofsidentiteit word tot 'n groot mate bepaal deur dit waarteen reageer word. Dit kan tot eensydighede lei. In dié sin dat dit wat jy verwerp te sterk voorop staan, terwyl jou eie identiteit op die agtergrond raak. 'n Reaksie impliseer nog nie die antwoord op 'n probleem nie. Daarom mag daaraan nie normatiewe gesag toegeken word nie. Myns insiens blyk dit duidelik uit die vyf solas.

## 6. Die implikasies van ’n reaksie in die “solae”

Hier volg nou ’n oorsig van hoe *sola fide, sola Scriptura, solus Christus, sola gratia* en *soli Deo gloria* ongelukkig ’n reaksionêre karakter dra en gevolglik ook eensydighede openbaar.

### *6.1 Geloof alleen?*

Hierdie slagspreuk bevat wel die waarheid dat ’n mens alleen deur geloof gered kan word. In reaksie teen Rome se leer van verdienstelike werke en die rol van die menslike verstand is dit egter ’n onvolledige waarheid. Die Woord van God leer baie duidelik dat geloof alleen sonder werke ’n dooie geloof is (vgl. bv. Jakobus 2:14 e.v.). Volgens die grootste gebod van God se wet moet ons God, behalwe met ons hele hart, Hom ook liefhê met ons hele *verstand* (Matt. 22:37).[9]

### *6.2 Die Skrif alleen?*

Teenoor die Roomse kombinasie van die Skrif (bonatuur) en die tradisie (natuur) degradeer die tweede *sola* God se openbaring in die natuur en geskiedenis om alle klem op die Bybel alleen (iets “bonatuurliks”) te plaas. Formeel, op die oog af, klink hierdie slagkreet in orde, selfs vroom. Maar dit huisves talle gevare, soos onder andere die volgende.

’n Mens laat dan nie reg geskied aan God se volledige openbaring nie. Want Hy openbaar Hom en sy verordeninge vir die lewe nie net in sy Skrifgeworde Woord, die Bybel nie. Hy openbaar wie Hyself is en sy skeppingsorde van die begin af ook in die skepping en finaal in Christus, die mensgeworde Woord. “Die Skrif alleen” is dus nie voldoende nie, ’n eensydige slagspreuk.

’n Biblisis, wat die Bybel verafgod – dit is moontlik – beweer (gewoonlik op grond van geïsoleerde teksgedeeltes) dat hy op onbevange, neutrale wyse net sou nasê of bely wat die Bybel voorsê. Wat egter in werklikheid gebeur, is dat hy meestal eers sy eie vooringenome visie op die Christelike geloof in ’n teks inlees (eisegese) en dan weer – maar nou met skynbare sanksie deur die Skrif – daaruit lees (eksegese).

’n Volgende slaggat is dat die Skrif self as ’n soort statiese geskrif beskou word wat ook op alle tye en omstandighede – ook die 21ste eeu – direk van toepassing is. Daar word nie genoeg rekening gehou met die voortgang geskiedenis van God se openbaring (van skepping oor sondeval na

9 In Van der Walt (2018) word byvoorbeeld aangetoon dat ’n geloofsbelydenis ook ‘n etiese, estetiese, juridiese, ekonomiese, sosiale en logiese element bevat.

verlossing) asook nuwe kontekste waarbinne aan God se Skrifopenbaring gestalte gegee moet word nie.

’n Biblisis handel verder soos iemand wat *in* sy leeslamp kyk in plaas van om *by* die lig daarvan sy leeswerk te doen. Dit lei tot blindheid. *Sola Scriptura* moet dus nie so verstaan word dat vir elke hedendaagse probleem ’n oplossing *in* die Skrif gevind kan word nie, maar wel *by* of *in die lig van* die Skrif. Die Bybel mag nie (soos gedurende die Middeleeuse Skolastiek) naas ander bronne as ’n *handboek* beskou word nie. Dit is die *goddelike lig* waarin die hele skepping en elke probleem beskou moet word.

### 6.3 Christus alleen?

Geen Christen sal seker teen hierdie *sola* beswaar kan hê nie, want dit verwoord die feit dat jy Christus as jou enigste Verlosser bely.

En tog bevat dit weer ’n anti-Roomse, polemiese element. Daarmee verwerp Protestantse gelowiges tereg alle Roomse “hulpverlossers”, soos ander heiliges, jou eie verdienstelike werke en dat met die geld van ’n aflaat jou oorlede naasbestaandes uit ’n vagevuur verlos sou kon word.

Die vraag kan gestel word of Jesus net ons Verlosser tot ewige saligheid is. Is Hy nie ook die Voorbeeld vir ’n gelowige se lewe hier op aarde nie? Waarom word die rol van die Heilige Gees op die pad van sy (Jesus se) navolging (heiligmaking) nie ook erken nie? (Vgl. 2.2.3 hierbo).

### 6.4 Genade alleen?

Weereens is *sola gratia*, teenoor al die Katolisisme se byvoegings, ’n suiwer Bybelse gedagte, maar ook in hierdie geval mag uit die “alleen” die verkeerde afleiding gemaak word.

In die gereformeerde tradisie bestaan daar voorbeelde daarvan dat so ’n slagspreuk, in plaas van dankbare eie verantwoordelikheid, tot lydelikheid en passiwiteit by gelowiges aanleiding gegee het. Voorbeelde daarvan is die mistieke tendense gedurende die Nadere Reformasie (17e en 18e eeu) en huidige neigings van ’n na binne gekeerde, introverte geloofslewe.

### 6.5 Aan God alleen die eer?

Weer is dit ’n pragtige Bybelse greep en aanduiding van hoe ’n Christen sy identiteit moet beleef. Maar ook in hierdie geval kan iets van die Roomse tweeterreineleer deurskemer. Volgens hierdie “teosentriese” denke word alle klem op God gelê.

Nogeens kan hierdie gevaar met voorbeelde uit die gereformeerde tradisie gestaaf word. Gedurende die reeds genoemde Nadere Reformasie was daar ŉ sterk piëtistiese of vroomheidselement. Dit het by die laat-Middeleeuse mistiek aangesluit wat geleer het dat ŉ Christen ŉ intieme verhouding met God behoort te hê, selfs met God één moet word. Die veragtelike, natuurlike lewe moes ontvlug word.

Dit is egter juis *in* ons gewone "natuurlike" lewe en nie *daarbuite* of *daarbo* nie, waarin ons God moet eer deur volgens sy voorskrifte te lewe. Volgens Paulus eer ŉ mens God nie net deur by die nagmaal brood te eet en wyn te drink nie, maar behoort jy dit ook by ŉ alledaagse maaltyd te doen (1 Kor. 10:31).

### *6.6 Gevolgtrekking*

Samevattend kan gesê word dat, in reaksie teen die Roomse tweeterreineleer, wat natuur (skepping) en genade (verlossing) wou kombineer, daar in die gereformeerde tradisie (soos uit die vyf solas blyk) ŉ "vertikalistiese" tendens sigbaar is, waarvolgens die primaat aan van die sogenaamde bonatuurlike genade toegeken word. Die oplossing is natuurlik nie om na ŉ "horisontalistiese" geloof oor te slaan nie, maar om die natuur-genade skema as sodanig as onbybels te verwerp. (Vgl. Van der Walt, 2017a:19-22.)

## 7. Aanbevelings

In die lig van die voorafgaande word nou enkele suggesties aan die hand gedoen, eers drie van sistematiese en dan een van historiese aard.

### *7.1 Sistematiese uitbouing*

In die lig van die leemtes hierbo geïdentifiseer, word aanbeveel dat by die vyf solas nog drie bygevoeg word. Nou egter nie as reaksies nie, maar in die lig van die Skrif vir ŉ vollediger en positiewer weergawe van ŉ Christelike geloofsidentiteit en breëre lewensvisie. Daarom word die *sola/solus* telkens tussen hakies geplaas.

#### *7.1.1 ("Solus) Spiritus Sanctus"*

Dit is die eerste aksent wat waarskynlik bygevoeg kan word soos by 2.2.2 hierbo in die akroniem FAITH ook gesuggereer word.

Die rede waarom die Heilige Gees nie in die vyf solas genoem word nie, kan heelwaarskynlik ook aan ’n (verkeerde) reaksie by latere gereformeerdes wees teen spiritualistiese strominge wat volgens die hervormers reeds tydens die sestiende eeu die werk van die Heilige Gees eensydig oorbeklemtoon en verdraai het.

Reeds in dié tyd het veral Calvyn, maar ook ander hervormers, egter die belangrike werk van die Gees beklemtoon asook die implikasies daarvan vir ’n heilige lewe in navolging van Christus.

#### *7.1.2 (“Sola) Revelatione”*

In die lig van die eensydige beroep en nadelige gevolge op God se Skrifopenbaring (vgl. 6.2 hierbo) word aan die hand gedoen dat die slagspreuk net na sy openbaring sal verwys. Dan word dit verbreed, sodat dit ook sy skeppingsopenbaring en vleesgeworde openbaring in Jesus Christus insluit. Sowel sy skeppings- as Woordopenbaring word verder in die lig van sy finale openbaring in Christus gelees.

#### *7.1.3 (“Sola) caritas”*

Al vyf solas bevat implisiet wel ’n normatiewe betekenis wat die koers van ’n Christen se lewe en sy identiteit aandui. Die Skrif dui die religieuse rigting van ’n gelowige se lewe egter meer eksplisiet aan. Met “religie”/“religieuse rigting” word integrale en omvattende gehoorsaamheid aan God se riglyne vir die mens bedoel. Dit mag nie tot die sogenaamde bonatuurlike kerklik-kultiese vereng word nie.

Die Christelike filosoof, Vollenhoven, is eksplisiet hieroor wanneer hy (vgl. 2.2.6 hierbo) van die onderskeid – nie skeiding nie – tussen die soewereine God, sy wet en sy wetsonderworpe skepping uitgaan. Hy dui ook aan wat die kern van God se wet vir die mens inhou wanneer hy religie kernagtig soos volg omskryf:

> ... religion is the relationship of humankind to the God of the covenant in obedience or disobedience to his fundamental law of love (Vollenhoven, 2005b:76).

Hy verwys hier na God se fundamentele, sentrale liefdesgebod tot Homself en die naaste waarin al sy gebooie of wette vir die mens saamgevat word. Let ook daarop dat volgens Vollenhoven die mens – alle mense – inherente religieuse wesens is en gevolglik slegs die keuse het om óf in gehoorsaamheid óf ongehoorsaamheid volgens sy fundamentele gebod te lewe.

Waarom ontbreek onder die solas ’n *sola caritas* (liefde alleen), terwyl dit dié norm is wat ons lewenskoers behoort te bepaal?

Vermoedelik moet dit weer verklaar word uit ’n reaksie teen die Rooms-Katolisisme waarin groot klem geplaas is op wetsonderhouding en eie verdienstelikheid. Hierteenoor het van die sestiende-eeuse Christene na die ander uiterste toe oorgehel met ’n evangelie van liefde sonder wet – ’n onbybelse gedagte. By Luther is daar byvoorbeeld nog ’n duidelike spanning tussen (God se) die evangelie van genade en (menslike) liefde en wetsgehoorsaamheid.

Dit is egter deur God se wet te onderhou dat ’n mens werklik liefhet. Of omgekeerd: Uit liefde onderhou jy sy gebooie.

## 7.2 ’n Historiese uitbouing

Die Heidelbergse Kategismus se trits van ellende, verlossing en ten slotte dankbaarheid (wat die gevolg van die verlossing behoort te wees) is myns insiens ’n onvolledige weergawe van die historiese Bybelse boodskap. Wat van skepping? Dieselfde leemte bestaan ook by die vyf solas asook by TULIP en FAITH (vgl. 2.2 hierbo), wat net na totale verdorwenheid, ’n in sonde gevalle mensheid en verlossing verwys.

### *7.2.1 Motivering*

Waarom is dit ’n groot verlies as die Bybelse skeppingsgedagte ontbreek of nie die nodige nadruk ontvang nie? Hier volg net enkele redes.

Die feit dat God die Skepper van alles is en dit nog elke oomblik in stand hou, is van die belangrikste dinge in God se Skrifopenbaring en ’n grondpilaar van die Christelike geloof.

By die skepping stel Hy ook duidelik (vgl. Gen. 1 en 2) wat sy bedoeling met die skepping en die mens is.

Hy openbaar daarin ook Wie Hy self is en wat sy verordeninge vir die skepping is.

Verder kan die vraag gestel word of ’n mens werklik kan weet wat die sondeval beteken as jy nie weet hoe die oorspronklike skepping daar uitgesien het nie. En kan ’n mens verstaan wat verlossing en voleinding beteken sonder ’n idee van dit (die skepping) wat verlos en vernuwe sal word? (Spykman, 1992:40 e.v.)

Die Bybelse lyn van skepping, sondeval, verlossing en voleinding word daarom (vanaf Vollenhoven, 1933:21) deur die meeste reformatoriese filosowe as belangrik beskou. Wolters (1984a) vestig die aandag

daarop dat hierdie vier begrippe radikaal en omvattend verstaan moet word. Dieselfde (in die vorm van Bybelstudie) doen Bartholomew en Goheen (2010).

### *7.2.2 ŉ Voorbeeld*

Dit is merkwaardig dat (sover vasgestel kan word) daar nog net een gereformeerde getuienis bestaan wat hierdie Bybelse raamwerk gebruik.[10] Dit is die Christian Reformed Church (CRC) se "Our world belongs to God; a contemporary testimony" van 1986 (vgl. Christian Reformed Church, 1987a).

Behalwe hierdie getuienis het die CRC ook ŉ studiegids uitgegee wat die Skrifgedeeltes bevat waarop dit gegrond is, verwysings na die drie ouere gereformeerde belydenisse asook die implikasies van die nuwe getuienis vir 38 aktuele vraagstukke plus vrae vir groepsbesprekings.

### *7.2.3 Noodsaaklikheid*

Die studiegids (CRC, 1987b:9-11, 29-30) bied ter inleiding ook ŉ motivering vir die opstel van hierdie nuwe getuienis. Van belydenisse in die algemeen word eers die volgende geskryf. (1) Hulle ontstaan gewoonlik in tye van krisis; (2) om in verkorte vorm die basiese boodskap van die Woord van God weer te gee; (3) om die onderlinge eenheid onder gelowiges te bevorder; (4) om ook as ŉ getuienis na die buitewêreld te dien.

In aansluiting daarby volg dan die motivering vir hierdie nuwe getuienis van gereformeerde Christene in Noord-Amerika. Byna vyf eeue na die ontstaan van die drie klassieke gereformeerde belydenisse het die wêreld waarin Christene leef totaal verander. Al die uitdagings waarvoor Christene vandag staan kon nie deur hierdie historiese geskrifte voorsien en aangespreek word nie.

Vandag is Katolieke Christene ook nie meer gereformeerdes se (grootste) vyande nie. Die studiegids (p. 29) noem tereg as vyand nommer een die hedendaagse wêreldwye sekularisme in sy verskillende gedaantes op alle lewensterreine. Van dié soort ateïsme word tereg vermeld dat dit vandag nie meer openlik bely of teoreties verdedig hoef te word nie, maar praktiese ateïsme geword het en ook Christene beïnvloed. Mense leef gewoon asof God nie bestaan nie en sy verordeninge nie van enige betekenis is nie.

---

10 Daar is sover ek weet ook net een teoloog wat sy dogmatiek hiervolgens opgestel het, Spykman (1992).

### *7.3 Waarop dit aankom: altyd reformeer*

ŉ Laaste suggestie is dat iemand se geloofsidentiteit en lewensvisie ook sy roeping hier op aarde duidelik moet verwoord.

Tans kom die goeie en kwade nog so verstrengel voor dat hulle soms moeilik onderskei kan word. Nogtans het ŉ gelowige die roeping om die goeie te soek en die slegte te vermy en te bestry. Indien dit – voortdurende reformasie – nie gebeur nie, tree soos reeds genoem onherroeplik deformasie in. Vandaar die belangrikheid van die slagspreuk *semper reformanda* wat myns insiens al die ander wagwoorde behoort af te sluit.[11]

Van Wyk (2017) noem vier redes waarom ŉ gereformeerde kerk voortdurend moet reformeer (1) omdat dit nuwe aanslae van die duiwel moet afweer, (2) die lidmate steeds in die geloof moet groei, (3) die Skrif telkens nuut verstaan word en (4) nuwe vrae waarop gelowiges antwoorde moet gee – nie net op kerklike gebied nie, maar op alle lewensterreine.

*Semper reformanda* impliseer dus groei in ŉ mens se eie, persoonlike geloof, ŉ steeds beter verstaan van en gehoorsaamheid aan God se openbaring, Christus se verlossing en die leiding van die Heilige Gees om God se liefdesgebod uit te lewe.

## 8. Samevattende gevolgtrekkings

Die kernvraag in hierdie ondersoek was (vgl. 1.2 hierbo) hoe, in die lig daarvan dat die bekende vyf solas tot ŉ sterk mate negatief gebonde is aan dit wat daarmee bestry word, ŉ alternatiewe kernagtige en eietydse geloofsbelydenis van ŉ gereformeerde identiteit sal lyk.

### *8.1 Moontlike riglyne*

Die bedoeling van die skrywer is nie om ten slotte ŉ nuwe, eietydse belydenis of getuienis oor integrale gereformeerd wees hier voor te lê nie. Ten slotte volg hier slegs enkele tentatiewe riglyne daarvoor. Dit kan die *solas* (alleen), wat tot eensydighede en onvolledighede lei, laat verval. Dit is ook nie net suggesties vir ŉ *kerklike* belydenis nie, maar vir omvattender en meer gefokusde credo's (vgl. weer De Graaff, 1966 hierbo). Verder word dit geformuleer na aanleiding van net enkele sleutelvrae waarmee hedendaagse Christene in ons sekulêre wêreld gekonfronteer word.

11 Die oorsprong van die uitdrukking kan blykbaar teruggevoer word na Augustinus en later Calvyn. Vgl. Bush (2008) en Mahlmann (2010).

- *Bestaan God werklik?* Ja, Hy is die enigste Soewereine Skepper en Onderhouer van alles, die Verlosser, wat myself en die hele sondegevalle werklikheid bevry, die Gees wat myself op die pad van heiligmaking en die ganse skepping tot by die voleinding van ’n nuwe aarde lei.
- *Hoe kan ek van dit alles seker wees?* Ek weet dit uit God se skeppings-, Skrif- en vleesgeworde openbaring. Ek kan daarop vertrou omdat God uit genade my die geloof skenk en ek myself daagliks weer tot Hom en sy verordeninge bekeer.
- *Het my lewe enige sin of doel?* Ja, want ek is ’n religieuse wese. In alles wat ek doen of nalaat, antwoord ek op God se verbondsopdrag om as sy verteenwoordiger of rentmeester hier op aarde op te tree.
- *Daar bestaan vandag so baie verskillende waardes of riglyne waarvolgens ’n mens jou lewenskoers behoort te bepaal. Wat is die rigting wat my roeping as Christen moet bepaal?* God se fundamentele riglyn vir my hele lewe is sy liefdesgebod tot Hom, my naaste en die res van die skepping. Hierdie sentrale padwyser moet konkreet en relevant in verskillende gestaltes uitgeleef word in elke verhouding en op elke terrein van die lewe.
- *Wat is my unieke identiteit as ’n reformatoriese Christen?* My identiteit behels dat ek my geloof as Christen nie as iets bonatuurliks, *bokant* die wêreld beskou nie, ook nie as iets addisioneel *langs* my alledaagse lewe nie en nog minder iets wat God se skepping *verag* nie. My geloof en lewensvisie is om in die krag van die Gees voortdurend die goeie te soek deur dit wat verouderd, eensydig, gebrekkig en sondig is te reformeer, te vernuwe. Om nie die kwaad met kwaad nie, maar met die goeie te bestry.

## 8.2 Gereformeerd of reformerend?

Soos genoem, is verlede jaar (2017) wêreldwyd deur miljoene Christene die 500-jarige herdenking van die 16e-eeuse Reformasie met Luther se 95 stellinge aan die kerkdeur van Wittenberg herdenk. Maar wat van reformasie *anno Domini 2018?*

Dit kon goed wees om Gereformeerde Christene weer te herinner (vgl. 2.2.5) aan wat Vollenhoven oor reformasie geskryf het.

> Reformation does not mean a return to (Christian) people and (ecclesiastical) situations, but rather a conversion to God. In other words not a change on the horizontal plane of time, but in the relationship to God and his law which bears a vertical character (Vollenhoven, 2005a:70, 71).

Zylstra tref die volgende onderskeid tussen bekering, herlewing en reformasie:

> A conversion is the work of the Holy Spirit in the heart of a person so that he submits himself to the claims of Christ, the Saviour and Lord. A revival is the renewal of faith on the part of a significant number of persons within a particular part of the church at a particular time in history. A reformation is a revival so radical and widespread that it affects the direction of the culture and the structuration of society (Zylstra, 1981:12).

*Semper reformanda* mag dus nie as 'n gewetensusser of soethouer misbruik word nie. Of net van psigiese, sosiologiese, ekonomiese of politieke aard beskou word nie. Werklike reformasie is iets van diep religieuse aard en daarom seldsaam. In finale instansie kan God alleen dit laat gebeur. Nogtans mag ons menslike verantwoordelikheid daarin nooit verwaarloos word nie.

Aan die begin van hierdie ondersoek is die vraag gestel of nuwe, eietydse belydenisse en korter credo's moontlik 'n bydrae sou kon lewer tot persoonlike bekering en wyer herlewing onder Christene wat uiteindelik tot die reformasie van kerk en samelewing sal kan lei.

Die antwoord daarop is nou dat die omgekeerde die geval is. Nuwe konfessies, getuienisse en meer is nie die oplossing (reformasie) nie, maar die gevolg van ware bekering, herlewing en reformasie. Hulle is belangrike vrugte, maar nie die wortel nie en mag dus nie as 'n panasee oorskat word nie.

Hierdie pleidooi vir 'n reformerende in plaas van 'n finaal geformuleerde gereformeerde belydenis herinner gelowiges dus aan die noodsaak van voortdurende gebed om bekering, herlewing en reformasie.

## Bibliografie

BARTHOLOMEW, C.G. & GOHEEN, M.W. 2010. *The true story of the whole world; finding your place in the Biblical drama.* Grand Rapids, Michigan: Faith Alive Christian Resources.

BUSH, M. 2008. Calvin and the reformanda sayings. (In: Selderhuis, H.J. (Ed.). *Calvinus sacrarum literarum interpres.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht. p. 286 e.v.)

CARSON, C.A. 2008. *Christ and culture revisited.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

CARTER, C.A. 2006. *Rethinking "Christ and culture"; a Post-Christendom perspective.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

CHRISTIAN REFORMED CHURCH. 1987a. *Psalter Hymnal.* Grand Rapids, Michigan: CRC Publications. p. 1019-1038.

CHRISTIAN REFORMED CHURCH. 1987b. *Our world belongs to God; a contemporary testimony, study edition.* Grand Rapids, Michigan: CRC Publications.

D'ASSONVILLE, V. 2017. Hervorming – die herontdekking van die Woord. *Die Kerkblad,* 116(3306):10-11, Oktober.

DE GRAAFF, A.H. 1966. *The educational ministry of the church; a perspective.* Delft: NV. Verenigde Drukkerij Judels & Brinkman. (Proefskrif aan die Vrije Universiteit.)

GOUDZWAARD, B. & BARTHOLOMEW, C.G. 2017. *Beyond the modern age; an archaeology of contemporary culture.* Downers Grove, Illinois: IVP Academic.

KOK, J.H. 1996. *Patterns of the Western mind; a Reformed Christian perspective.* Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

MAHLMANN, T. 2010. "Ecclesia semper reformanda"; eine historische Aufarbeitung. (In: Johansson, T., Kolb, R. & Steiger, A. (hrsg.) *Hermeneutica Sacra; Studien zur Auslegung der Schrift im 16. und 17. Jahrhunderd.* Berlin: Walter de Guyter).

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK. 1992. *So glo ons; 'n eietydse geloofsverantwoording.* Wellington: Hugenote Uitgewers.

NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK. 1999. Geloofsverklaring 2000. Bylaag tot *Die Kerkbode,* 163(14), 3 Desember.

NIEBUHR, H.R. 1951. *Christ and culture.* Harper & Row: New York.

OOSTERHOUSE, J. (1997, reprint 2011). *Faith unfolded; a fresh look at Reformed faith.* Grand Rapids, Michigan: CRC Publications.

PELIKAN, J. 2003. *Credo; historical and theological guide to creeds and confessions in the Christian tradition.* New Haven: Yale Univ. Press.

POPMA, K.J. 1958-1965. *Levensbeschouwing; opmerkinge naar aanleiding van de Heidelbergse Catechismus* (7 dele). Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

SPYKMAN, G.J. 1992. *Reformational theology; a new paradigm in doing dogmatics.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

VAN DER WALT, B.J. 2008. Sixteeth century models for Christian involvement in the world. (In: Van der Walt, B.J. *Anatomy of Reformation.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa. p. 159-200).

VAN DER WALT, B.J. 2009. Johannes Calvyn (1509-1564) se mensbeskouing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 49(3):410-433, September.

VAN DER WALT, B.J. 2012. Flying on the wings of Vollenhoven's radical Christian worldview; a reconsideration of the usual typology of Christian worldviews. *Koers* 77(1):56-69.

VAN DER WALT, B.J. 2017a *Thomas Acquinas and the Neo-Thomist tradition.* Potchefstroom: The Institute for Contemporary Christianity in Africa.

VAN DER WALT, B.J. 2017b. Die onvoltooide reformasie van Martin Luther (1483-1546). *Koers,* 82(2) elektronies beskikbaar.

VAN DER WALT, B.J. 2018. Oor Christelike konfessies; watter lewensfasette hulle weerspieël en nuwe getuienisse behoort te verwoord. (Voorgelê vir publikasie in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.)

VAN WYK, J.H. 2009. Reformed identity. Ongepubliseerde lesing op 20/01/2009 gelewer by 'n internasionale konferensie oor "Reformed Identity worldwide" op Potchefstroom by die 150-jarige herdenking van die Stigting van die GKSA.

VAN WYK, J.H. 2017. Die ou Hervorming moet steeds nuut wees; nie noodsaak van "altyd reformeer" (semper reformanda). *Die Kerkblad,* 119(3315):12-13, Augustus.

VEENHOF, J. 1994. The relationship between nature and grace according to H. Bavinck. Study Pamphlet 322, October. Potchefstroom: Institute for Reformational Studies.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 1933. *Het Calvinisme en die reformatie van de Wijsbegeerte.* Amsterdam: H.J. Paris.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2005a. *The problem-historical method and the History of Philosophy.* Amstelveen: De Zaak Haes.

VOLLENHOVEN, D.H.Th. 2005b. *Isagôgè Philosophiae; introduction to philosophy.* Sioux Center, Iowa: Dordt College Press.

WOLTERS, A.M. 1984a (reprint 2005). *Creation regained; biblical basics for a reformational worldview.* Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

WOLTERS, A.M. 1984b. Nature and grace in the interpretation of Proverbs 31:10-31. *Calvin Theological Review,* 19:153-166.

WOLTERS, A.M. 1990. Christianity and the classics; a typology of attitudes. (In: Helleman, W., (Ed.), *Christianity and classics.* Lanham: Univ. Press of America. p. 189-203).

ZYLSTRA, B. 1981. Preface. In: Van der Goot, H. (Ed.), *Life is religion.* St. Catherines, Ontario: Paideia Press, p. 1-14.